# HOOFSTUK I.

## DIE ONTSTAAN, GODSDIENSTIGE GRONDSLAE EN FILANTROPIESE BEDRYWIGHEDE VAN DIE UNITAS FRATRUM OF BROEDERKERK.

### 1. Die ontstaan van die Ou Broederkerk.

(a) Die Ou Broederkerk of Unitas Fratrum het sy wieg en vroeëre tuiste op Boheemse bodem gehad. In Boheme het Johannes Huss en Hieronymus van Praag as twee waardige voorlopers van die Hervorming opgetree. Johannes Huss, 'n beroemde student en later rektor van die Universiteit van Praag, het net soos die Albigense in Frankryk en die Lollards in Engeland, eweneens aanvalle op die Rooms-Katolieke Kerk geloods.[1] Sy prediking het 'n tweërlei gevolg gehad: dit het die drang na hervorming aangewakker en die mense geleer om die geestelikes meer as ooit te vore te verag.[2] Huss is eintlik vanweë sy hetrodoksheid en agitasie teen die Rooms-Katolieke Kerk op 6 Julie 1415 deur die groot Rooms-Katolieke Raad van Constanz veroordeel en verbrand, maar die vlamme waarin die martelaar omgekom het, het die hele Boheme aan die brand gesteek en die beskaafde wêreld van die tyd tot in sy fondamente geskud.[3] Ten gevolge hiervan is die Hussitiese Orde gevorm wat weer op sy beurt vir die Hussitiese oorloë verantwoordelik was, maar „Amid these charred and smoking ruins the Moravian Church arose".[4]

Tussen die jare 1419 en 1450 het 'n magtige profeet, Petrus van die dorpie Chelcic, met 'n duidelike en roerende boodskap na vore gekom. Hoewel sy lewensgeskiedenis 'n misterie is, is sy leer en wonderlike geskrifte as juwele in die Boheemse literatuur bewaar gebly. Hierdie suggestiewe essayis en onwrikbare geloofsheld in die fundamentele beginsels van die Christelike geloof het na die beëindiging van die Hussitiese oorloë, waarteen hy bitter gekant was, die geestelike leier van die Chelcic-Broeders in Boheme, meer bepaald in die dorpies Chelcic,

---

1. Gerdener: Het Vierde Eeufeest, 22-23.
2. Hutton: History of the Moravian Church, 11.
3. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 229.
4. Hutton: t.a.p., 33.

Wilenow en Divischau, geword. Die getalsterkte van die Chelcic-Broeders het op fenomenale wyse aangegroei en so is die fondamente van die ou Broederkerk reeds vroeg al verstewig.[1)]

(b) Sedert 1448, toe die Chelcic-Broeders besig was om hulle kragte te konsolideer, het Johannes Rockycana, aartsbiskop van Praag, 'n magtige beroering in die hoofstad teweeggebring. Hy het die leer van Petrus van Chelcic in die Thein-kerk gepropageer, sy werke by sy toehoorders aanbeveel en in vurige taal die Rooms-Katolieke Kerk as Babilon en die Pous as antichris uitgekryt. Desnieteenstaande kan Rockycana nie die gelyke van Johannes Huss genoem word nie. Daar hy na roem en eer gesoek het,het sy volgelinge in hom vertroue begin verloor. Rockycana het derhalwe geweier om die leierskap van die Broeders te aanvaar en sodoende het laasgenoemde Gregorius, die Patriarg (1457-1473) uit hulle eie geledere, aangehang. Mettertyd het Gregorius ongeduldig begin word en Petrus van Chelcic op sy landgoed gaan spreek in verband met die stigting van 'n onafhanklike vereniging.

Op soek na 'n tuiste vir die Morawiese Broeders het Gregorius in medewerking met sy oom, Rockycana, in 1457 koning Georg van Boheme versoek om die bykans verlate dorpie Kunewald in die graafskap van Senftenberg op die noordoostelike grens van die land aan sy proseliete te skenk.

En so het Kunewald, nadat verlof van die koning ontvang is, die Betánië van boere en edelliede, opgevoedes en ongeletterdes, rykes en armes geword waarvan sommige Adamiete en Waldensers was en andere lidmate van die Thein-kerk in Praag en Utraquistiese Kerk in Königgratz asook volgelinge vanuit Morawië en die dorpies Wilenow, Divischau en Chelcic ingesluit het. Wat die organisasie en beheer van hierdie gemeenskap waar die Bybel en die geskrifte van Petrus van Chelcic as die enigste rigsnoer gegeld het, betref, deel Hutton ons die volgende mee: „They made their own laws and appointed a body of twenty-eight elders to enforce them. They divided themselves

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 42.

into three classes, the Beginners, the Learners and the Prefect; and the Prefect gave up their private property for the good of the common cause. They had overseers to care for the poor. They had priests to administer the sacraments. They had godly laymen to teach the Scriptures. They had visitors to see to the purity of family life".[1)]

Omstreeks 1461 het die eerste vervolgings van die Broeders begin vanweë die bepalings van Koning Georg Podiebrad, wat alle onderdane verplig het om of by die Utraquistiese Kerk of by die Rooms-Katolieke Kerk aan te sluit en alle priesters verbied het om nagmaal op die godslasterlike wyse van die Broeders te bedien. Ten gevolge hiervan is Michael Bradacius wat as pastor van die Broeders opgetree het, in 'n onderaardse kelder gestop, vier vooraanstaande Broeders lewendig verbrand en die mooi tuiste in Kunewald afgetakel. Die inwoners het derhalwe die woude en berge ingevlug waar hulle twee jaar lank vertoef het.

In 1467 het 'n Sinode van Broeders by Lhota plaasgevind waar die gewigtige vraagstuk van algehele afskeiding van die Pousdom en sy priesterskap en die instelling van 'n eie geestelike orde bespreek is. Na weke van gebed en vas het ongeveer sestig manne onder leiding van Gregorius daartoe oorgegaan om nege manne van onbesproke gedrag te kies. Hieruit is Matthias van Kunewald, Thomas van Prelouic en Elias van Chrenouic as die eerste leraars van die Broederkerk gekies. Daar hierdie manne op ortodokse wyse deur 'n biskop van apostoliese afkoms bevestig moes word, is Stephanus, 'n biskop van die Waldensers, beroep. Michael Bradacius is derhalwe na Suid-Morawië afgevaardig en, nadat hy met biskop Stephanus die saak bespreek het, het die waardige kerkvader Bradacius tot biskop gewy. Na sy terugkeer het hy die drie gekose leraars georden en Matthias van Kunewald tot die amp van biskop verhef. Die doel was dus bereik, die Broederkerk is gestig en die taak van pa-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 47-48.

triarg Gregorius was afgedaan.[1] Die breuk met die Rooms-Katolieke Kerk was dus 'n voldonge feit en die patriarg het Koning Georg Podiebrad onmiddellik daarvan verwittig.

(c) Na die oorlye van Gregorius in 1473 het ryk en invloedryke „dons" van universiteite, raadshere, ridders en 'n groo aantal Waldensers van Brandenburg Kunewald binnegetrek. Sommige het hulle by Fullneck in Morawië, ander te Landskron in Boheme gevestig en op eie aandrang is hulle tot die Broederkerk toegelaat.

Omstreeks hierdie tyd toe nuwe idees begin ontluik het, het 'n jong geskoolde teoloog, Lukas van Praag tot die geledere van die Broederkerk toegetree. In Procop van Neuhaus het Lukas 'n warme ondersteuner gevind wat hom vanaf 1473 tot 1530 as geestelike leier van die Broeders trou onderskraag het. So is die geledere van die Broederkerk derhalwe in twee kampe verdeel: die Groot Party onder aanvoering van Lukas van Praag en Procop van Neuhaus en die Klein Party onder leiding van radikaalgesindes soos die twee boere Amos en Jakob. Ten spyte van die waarskuwings van patriarg Gregorius het die geleerde Broeders die geestelike leierskap in die hande gekry en ingrypende hervormings teweeggebring.[2] Op die Sinode van Reichenau 1494 is die gesag van Petrus van Chelcic geheel en al verwerp. Voorts is daar ook die volgende besluite geneem:

(i) Edelliede kon by die kerk aansluit, sonder om hulle rang af te lê;

(ii) Sakemanne wat eerlik is, mag profyte maak;

(iii) Broeders kon ook staatsdiensbetrekkinge beklee;

(iv) Ede kon afgelê word in gevalle waar dit vereis word.[3]

In 1495 is die posisie nog duideliker gestel deur die Bybel i.p.v. die leer van Petrus van Chelcic as die enigste gids te aanvaar. Die ondersteuners van die Groot Party het hulsel

1. Hutton: History of the Moravian Church, 43-55.
2. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 240.
3. Hutton: t.a.p., 95.

self die dissipels van Huss genoem, terwyl dié van die Klein Party volgelinge van Petrus was. Die leer van regverdigmaking deur genade is onderrig; die ou leer van regverdigmaking deur middel van goeie werke is gewysig en so het die Broederkerk die eerste georganiseerde Evangeliese Kerk in Europa geword.[1)]

Onder aanvoering van Lukas van Praag is die aantal biskoppe vermeerder, die Raad van Beheer vergroot benewens andere hervormings soos die verfraaiing van kerkdienste, invoering van goue nagmaalsbekers en geborduurde misdoeke, bevordering van kerkmusiek en die gebruikmaking van 'n drukpers. As vrugbare skrywer het van sy hand 'n Kategismus vir kinders, kommentare oor die Psalms, die Sendbrief van Johannes en Korinthiërs I, hoofstuk II, 'n Geloofsbelydenis en die eerste Gesangboek van die Broederkerk verskyn. Nog 'n belangrike bydrae van Lukas van Praag was die opsporing van geloofsgenote van die Broederkerk in ander lande. Hierdie taak moes hy noodgedwonge prysgee as gevolg van afvalligheid onder die Broeders.[2)]

So groot was die verwarring dat Koning Uladislaus op 25 Julie 1508 die Edik van St. Jacobus uitgevaardig het, waardeur publieke en private byeenkomste van Broeders verbied is. Alle boeke en geskrifte moes verbrand word en alle inwoners van Boheme wat geweier het om die Utraquistiese of Rooms-Katolieke godsdiens te aanvaar, sou uit die land verban word. Ten slotte sou alle leraars en onderwysers van die Broederkerk gevange geneem word en alle edelliede wat die Broeders onder beskerming neem, sou beboet word. So het die vervolging begin en tot die dood van Koning Ulandislaus II voortgeduur.[3)]

As gevolg van die getwis tussen Utraquiste en Katolieke is die Broeders oënskynlik vergeet en toegelaat om in vrede te lewe. In 1517 het Martin Luther met die Rooms-Katolieke Kerk gebreek deur die 95 stellings op die deur van die Slotkerk van Wittenberg te plak.[4)] Hierdie voorval sowel as die feit dat

1. Hutton: History of the Moravian Church, 58-60.
2. Ibid., 61.
3. Ibid., 64.
4. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 255.

Luther die geestelike leiers van die Boheemse Ryksdag versoek het om die laaste skakels met Rome te verbreek, het soos 'n blye tyding vanuit die hemel gekom, want nou was die Broederkerk nie meer die enigste kampvegter vir hervorming nie. Alhoewel die Broeders net soos alle ander klasse Luther bemin het, kon Lukas van Praag hom egter nie met alle leerstellings van die groot hervormer vereenselwig nie. Vir hom was Luther se dogma te ekstremisties en eensydig en die leefwyse van Lutheraanse teologiese studente te Wittenberg te joviaal. Hy het daarenteë 'n onwrikbare geloofsvertroue in die Sewe Sakramente, die strenge, morele dissipline en om praktiese redes in die ongehude staat van leraars in die Broederkerk daarop nagehou.[1)]

(d) Na die oorlye van Lukas van Praag op 11 Desember 1528 het die leiding van die Broederkerk vanaf 1531 tot 1548 in die hande van Johannes Augusta, 'n kragdadige prediker en 'n inspirerende persoonlikheid oorgegaan. Aanvanklik is hy in die Utraquistiese geloof opgevoed, maar vanweë gemoedsonrus is hy deur twee priesters van hoë rang aangeraai om by die geledere van die Broeders te Jungbunzlau aan te sluit. Op advies van hierdie priesters het Augusta hom toe by die Broeders gevoeg en is besmoontlik in Jungbunzlau opgelei. Spoedig is hy tot leraar georden en eerlang het hy so vermaard dwarsdeur die protestantse wêreld geword, dat hy tereg die Boheemse Luther genoem is. By geleentheid van die Sinode te Brandeis-op-die-Adler is hy tot biskop gekies en georden en het so op twee-en-dertijarige ouderdom die geestelike leier van die Broederkerk geword. Augusta het veral drie groot skemas beoog: (i) Vriendskaplike verhoudings tussen Protestante in ander lande; (ii) Geregtelike erkenning van die Broederkerk in Boheme; (iii) Vereniging van alle Boheemse Protestante.[2)]

Aanvanklik het die jeugdige leier daartoe oorgegaan om 'n nuwe en volledige geloofsbelydenis op te stel. Alhoewel die Broeders die waarde van geloof besef het, het hulle nie soos

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 67-69.
2. Ibid., 85-87.
3. Ibid., 91.

Luther die klem uitsluitlik op die regverdigmaking deur die geloof laat val nie. Nietemin kon Luther geen fout met die konfessie vind nie; inteendeel, dit is deur hom aangeprys net soos ander prominente hervormers, Calvyn, Martin Bucer, Melanseton, Georg Margrave van Brandenburg en Johannes Frederick, Keurvors van Sakse gedoen het.[1)]

Voorts het Augusta hom vir die geregtelike erkenning van die Broederkerk in Boheme beywer. Na die dood van Koning Louis van Boheme het die troon in die hande van die Hapsburgers geval. Ferdinand I, die nuwe vors, was 'n vurige kampvegter van die Rooms-Katolieke Kerk. Op 11 November 1535 het Augusta vir baron Conrad Krajek met 'n eksemplaar van die nuwe geloofsbelydenis na die koning te Weenen gestuur om sodoende die vors se simpatie vir die Broeders te wen. Die sending was egter vrugteloos, maar nadat die versoek 'n paar dae later herhaal is, het die koning hulle godsdiensvryheid verleen mits hulle hul lojaal sou gedra. So kon die Broederkerk ten spyte van alle teëkanting geweldig uitbrei en omstreeks 1531 het die aantal kerke op 400 en die aantal lidmate op 200,000 te staan gekom.[2)] Ten gevolge van die beskerming van die koning en begunstiging van vooraanstaande edelliede, kon die Broeders ook vertalings van die werke van Luther druk en publiseer en selfs 'n kerk in Praag open.

Ten slotte wou Augusta graag 'n vereniging van Broeders en Utraquiste in Boheme bewerkstellig. So 'n unifikasie met Lutherane kon egter maklik tot 'n bedreiging van die dissipline van die Broederkerk en die aanvaarding van die dogma en praktyk van hulle kragtige Protestantse vriende lei. In werklikheid is daar al enige jare na die dood van Lukas van Praag met die regulasies vir priesters weggedoen, wat die dissipline van die Broederkerk aanmerklik verswak het. Op advies van Augusta is die kategismus van Lukas weer in gebruik geneem en skole geopen

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 88.
2. Ibid., 91.

waarin die religieuse beginsels met erns onderrig is.[1]

Die Smalkaldiese oorloë wat Lutherse prinse vir onderlinge en gemeenskaplike verdediging in Duitsland gevoer het, het ook na Boheme versprei en die Broeders, wat lojaliteit aan Ferdinand I gesweer het, in 'n delikate posisie laat beland. In Praag het die Protestantse edelliede in die geheim vergader om die vryheid van die godsdiens te verdedig. So is 'n Komitee van Veiligheid van ag lede op die been gebring waarvan vier Broeders was. In 'n besluit wat hulle gepasseer het, het hulle Ferdinand I verag en hulle hulp aan die Duitse Protestantse leier, Johannes Frederick, keurvors van Sakse, toegesê. Na die slag van Mühlberg, 24 April 1547, waarin die Protestante die onderspit gedelf het, het Ferdinand I na Praag teruggekeer en die edelliede en ridders gedagvaar om hulle verraderlike geskrifte uit te lewer. Baie is swaar beboet, maar die leiers van die Komitee van Veiligheid is tot die dood veroordeel en so is op 22 Augustus 1547 vier baronne waarvan Wenzel Petipesky, 'n lid van die Broederkerk een was, onthoof. Op 18 September 1547 het 'n deputasie van Utraquiste en Katolieke die koning versoek om hulle teen die wreedhede van die Broeders te beskerm. Vanweë die antipatie en antagonisme van die koning is weereens die Edik van St. Jacobus op 8 Oktober 1547 uitgevaardig waardeur openbare vergaderings onderdruk, eiendomme gekonfiskeer, alle kerke gereinig en omgeskep en alle leraars gearresteer en in die kasteel van Praag opgesluit is. Toe die Broeders hulle heftig teen die Edik verset het, het die koning 'n verdere Edik uitgevaardig waardeur alle Broeders wat op vorstelike landgoedere gewoon het, gedwing is om die Katolieke geloof te aanvaar of die land binne ses weke te verlaat.[2] Die Broeders het egter geweier om na die pype van die koning te dans en in twee groepe hulle vaderland verlaat om na Pole te gaan. Aanvanklik is hulle uit Pole verdryf en so het hulle na Oos-Pruise verhuis waar hulle gedwing is om die Augsburgse Konfessie te aan-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 91-92.
2. Ibid., 92-94.

vaar. Deur middel van die graaf van Ostrorog het die vlugtelinge tog eindelik 'n tuiste in Posen, die hoofstad van Pole, gevind. Ten gevolge van 'n kragdadige bekering, het die graaf sy groot landgoed op die grense van die stad aan hulle as 'n geskenk aangebied. Andermaal het dit tot 'n groot eksodus van vlugtelinge uit Pruise na Pole gelei waar hierdie gesante van die kruis 'n tuiste gevind het. Die eerste evangeliese kerk in Pole het kragdadig gegroei en binne 'n periode van sewe jaar is reeds veertig gemeentes gestig. So het die gedagte ontstaan om die Broederkerk tot die nasionale kerk van Pole te verklaar. Hierdie gedagte was moeilik te verwesenlik daar die Lutherane, Zwingliane, Calviniste en Broeders i.v.m. die vereniging van Protestante steeds daarna gestreef het om hul eie geloofsbelydenis en vorm van kerkdiens erken te kry. Op die verenigde sinode van Sendomir in 1570 is na baie stryd 'n nuwe geloofsbelydenis vir alle Protestante op Poolse bodem opgestel en goedgekeur. Op 28 Mei 1570 is die Unie van Protestante reeds openbaar gemaak en feestelik gevier.[1)]

Johannes Augusta, die martelaar-biskop, het nie aan die uittog na Pole deelgeneem nie, maar hom in die naburige woude skuilgehou. Deur middel van renegate is sy skuilplek ontdek en op 25 April 1548 is hy en Jakob Bilek, sy sekretaris, ontmasker en in die Wit Toring van Praag as gevangenes gewerp. Koning Ferdinand I het Augusta as die opperste belhamel van die Smalkaldiese Bond beskou en noudat hy in sy hande was, was hy vasbeslote om die onskuldige gevangene tot openbaring van die komplot te dwing. Omdat sy getuienis onbevredigend was, het die koning hom op 'n grusame en onmenslike wyse laat martel. Toe hierdie primitiewe vorme van barbarisme vrugteloos blyk te wees, het die koning nog drie ander vorme van pyniging beveel. Gelukkig is Augusta en sy sekretaris na die ou kasteel van Purglitz verwyder en sodoende het hulle hierdie marteling vrygespring. In die kasteel van Purglitz, waar hy sestien jaar

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 95-101.

vertoef het, is hy dikwels op beestelike wyse mishandel en gepynig, maar nogtans kon niks hom beweeg om sy religieuse beginsels prys te gee nie. Deur middel van geheimsinnige geskrifte het hy sy mede-geloofsgenote in Pole, Morawië en elders bemoedig om aan die Apostoliese Geloofsbelydenis vas te hou. Voorts het hy ook 'n serie preke wat in die stilte deur ouderlinge voorgelees kon word, geskryf, asook 'n aantal roerende en triomfantelike gesange gekomponeer.[1)]

Ferdinand I is deur sy seun, Maximiliaan I, as koning van Boheme opgevolg. Maximiliaan was die Protestante goedgesind en sodoende het die vervolging van Broeders in Boheme begin wegsterf. Die Broederkerk is toe in drie provinsies verdeel t.w. Boheme, Morawië en Pole. In Pole het Georg Israel die geestelike leiding waargeneem, terwyl Johannes Czerny in Boheme en Morawië aan die hoof van die kerk gestaan het. Omdat Augusta nog steeds as oorlewende biskop in gevangenskap verkeer het, is Czerny en Cerwenka, sekretaris van die hele Broederkerk, deur gewone leraars tot die biskopsamp verhef. Hierdie twee biskoppe het daarna op hulle beurt weer Georg Israel en Blahoslow tot biskoppe gewy. Toe Augusta van hierdie onkonstitusionele benoemings verneem, het hy 'n stryd met die Broeders aangeknoop en besluit om andermaal vir sy vryheid te veg. Vrylating kon maklik verkry word indien hy bereid was om die herroepingsvorm soos deur geestelikes opgestel, te onderteken, maar tot dergelike afswering van religieuse beginsels wou hy hom nie leen nie.

Ten gevolge van vrugtelose onderhandelings met Jesuïtiese en Utraquistiese geestelikes moes hy nog vier jaar in die gevangenis vertoef, totdat hy in 1564 deur inmenging van Koning Maximiliaan op vrye voet gestel is, mits hy nie weer in die publiek sou optree nie. As grysaard, verrimpeld en gehawend wat gesondheid betref, het hy sy laaste dae tussen die Broeders van Jungbunzlau as 'n oorwonnene en gebrokene geslyt. Sy ideaal van vereniging van alle Protestante is heftig deur Blahoslow bestry en

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 102-109.

wat sy opvatting i.s. die ontstaan van 'n sterker liefde tussen Broeders en Utraquiste betref, het hy 'n ernstige mistasting begaan sodat hy opsluit deur geeneen van beide partye geëer is nie.[1]

(e) Die periode 1572 tot 1603 kan tereg as 'n goue tydperk in die geskiedenis van die ou Broederkerk bestempel word. Van Maximiliaan II het hulle die versekering ontvang dat hulle nooit onderdruk of in die beoefening van hulle godsdiens gehinder sou word nie. Ten gevolge van hierdie versekering het armoede nou plek vir materiële voorspoed en ou puriteinse en asketiese idees van patriarge plek vir liberale opvattings gemaak.

Nieteenstaande die ryke skakering van lidmate t.w. ryk en magtige baronne, kapitaliste, florerende handelaars e.a., het die Broeders as die mees hardwerkende en vooruitstrewende burgers op die gebied van industrieë, gesondheid, handel, opvoedkunde ens. bekend gestaan. Toe die gees van die Humanisme ook na Boheme versprei het, het die Broeders in populêre opvoeding begin belangstel en deur middel van vriendskaplikgesinde edelliede het hulle daartoe oorgegaan om 'n aantal vry elementêre skole te open waar die opvoeding grootliks prakties en godsdienstig van aard was. In hierdie skole was die Kategismus die vernaamste bron van onderrig, maar daarbenewens is ook sedelesse en die sing van gesange onderwys. Die edelste van alle dienste deur die Broeders gelewer, is seker die vertaling van die Bybel in die Boheemse taal. Hierdie Kralitz-bybel soos dit genoem word, se vertaling is op die Vulgata gebaseer. Dit is dus duidelik dat die Broederkerk omstreeks hierdie tyd as 'n magtige literêre bolwerk in Boheme ter bevordering van die beskawing opgetree het sonder om hulle met godsdienstige strydpunte in te laat.[2]

Tot op hierdie tydstip het die Broederkerk nog altyd onder die ban van die wet verkeer en lidmate is deur die Kato-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 110-119.
2. Ibid., 120-130.

lieke Kerk as ketters bestempel. Baron Wenzel von Budowa, 'n troue ondersteuner van die Broederkerk, het hom ten doel gestel om hierdie stigma te verwyder en die geregtelike erkenning van die kerk te verseker. Gedurende die jare 1602-'3 het Koning Rudolph II, 'n liggaamlike en geestelike swakkeling, die Edik van St. Jacobus hersien en alle edelliede deur die land beveel om alle Protestantse pastore uit die land te dryf. Toe hierdie saak naas ander willekeurige besluite tydens 'n Ryksdag te berde gebring is, het von Budowa hom heftig teen die koninklike bevel verset en verklaar dat alle edelliede by die Konfessie van 1575 staan. Ses jaar later het von Budowa nie alleen vir die Broeders maar tewens vir alle Protestante in Boheme, in die bresse getree toe hy hom vir die erkenning van die algemene Boheemse Protestantse Geloofsbelydenis beywer het en deur middel van 'n besluit, van beide Lutherane sowel as Broeders, geëis het dat die Konfessie op die wetboek geplaas moes word.

Op 'n volgende sitting van die Ryksdag, 28 Januarie 1609, het die dwase koning andermaal verklaar dat Broeders verplig word om Utraquiste of Rooms-Katolieke te word en belet word om byeenkomste te reël. Hierop het die Broeders onder leiding van von Budowa met 'n verklaring geantwoord waardeur hulle die koning verwittig dat hulle voornemens was om vir hulle godsdiensvryheid te veg. Toe intussen voorbereidings vir die naderende stryd getref is, het Rudolph II 'n derde Ryksdag belê, maar die verteenwoordigers, behalwe Katolieke lede, het hulle bloedweinig aan die bevele van die koning gesteur; inteendeel die Katolieke sowel as die Protestante het die koning met 'n ultimatum, waarin hulle godsdiensvryheid geëis het, gedreig. Die militêre voorbereidings van Protestante onder aanvoering van Von Budowa het die lafhartige koning so die skrik op die lyf gejaag dat hy op 9 Julie 1609 godsdiensvryheid aan alle aanhangers van die Boheemse Nasionale Protestantse Konfessie toegeken het.[1)]

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 131-135.

In die oog van die wet was die Broederkerk nou 'n onderdeel van die Nasionale Protestantse Kerk en die lidmate het as Utraquistiese Christene bekend gestaan. Alhoewel die Broeders hul eie Nasionale Konfessie aangeneem het en instaat was om hulle eie leraars te orden, moes alle kandidate vir die leraarsamp eers deur die Nasionale Administrateur ondersoek word. Vanweë die stryd om godsdiensvryheid is die eenheid met die ander entiteite van die Broederkerk enersyds verswak, maar andersyds was die vertakking van die kerk in Boheme in baie opsigte, soos die hou van sinodes, beoefening van eie seremonies, behoud van eie geloofsbelydenis, beheer van die skole en handhawing van eie stelsel van morele dissipline, nog so onafhanklik soos voorheen. Die Ratio-Disciplinae of Kode van reëls en regulasies vir die Nasionale Protestantse Kerk is eers in 1609 op die Algemene Sinode van Zerawic opgestel en teen 1616 gepubliseer.[1)]

(f) Gedurende die Dertigjarige Oorlog, 1618 tot 1648, is die ou Broederkerk deur die Europese konflik verguis. Ten gevolge van die groeiende mag van Jesuïete en hulle bitsige aanvalle op gehude Protestantse leraars, die verbreking van die belofte i.s. godsdiensvryheid en die verkiesing van 'n toegewyde Katoliek, Ferdinand, Aartshertog van Styrië, as koning van Boheme, het die destydse leier van die Broeders, Henry Thurn, tot 'n openlike rebellie aangemoedig. Die bestorming van die Raadsaal van die Regent Matthias op 23 Mei 1618 deur Thurn en sy volgelinge het egter die dertigjarige oorlog ingelui. Die verdedigers van die Protestantse saak het inderhaas 'n Nasionale Raad van dertig direkteure benoem en nuwe belastings gehef om die oorlog te voer. Die nuwe vors, Ferdinand II, is onttroon en Frederick, Keurvors van Palatine, is tot koning van Boheme in sy plek aangestel. Voorts is die Jesuïte beveel om die land te verlaat, die groot katedraal van Praag geplunder en die huise van Katolieke, op soek na ammunisie en kruit, gevisenteer. Ferdinand II het blitsvinnig opgetree en die ongeorganiseerde

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 136-137.

Protestante in die slag van White Hill, 8 November 1620, verslaan.

Prins Lichtenstein is as regent van Praag aangestel om die Broeders uit Boheme te verjaag. Deur middel van 'n misleidende proklamasie het hy daarin geslaag om die Broeders wat verkies het om in Praag te bly, in 'n lokval te vang. Sewe-en-veertig noodlottiges is gearresteer, waarvan sewe-en-twintig tot die dood veroordeel en die res begenadig is. Op 21 Junie 1621 is hierdie ongelukkiges in die vroeë môre-ure tereggestel. Onder hulle geledere was ook die baron von Budowa, die kampvegter van die Protestantisme in Boheme „and with his death there came the death of the Ancient Church of the Brethren".[1] Vanweë die vervolgingsbeleid van Ferdinand II het ongeveer ses-en-dertigduisend families Boheme en Morawië verlaat en daardeur is die bevolking van die land van sy room beroof. Alle gekonfiskeerde eiendomme het in die hande van die koning oorgegaan, die Universiteit van Praag in die hande van die Jesuïte terwyl die Kralitz-bybels, en ander godsdienstige geskrifte verbrand is. Baie van die Broeders is op wreedaardige wyse tot die dood gemartel.[2]

Ten spyte van alle vervolging het God dit so beskik dat hulle breë beskouing, sorg vir die jeug, geduld i.v.m. hulle lyding en onwrikbare geloof in die onsterflike Johannes Amos Comenius, pionier van die moderne opvoeding en laaste biskop van die Boheemse Broeders, bewaar gebly het. Gedurende die dertigjarige oorlog was hy verplig om Fulneck waar hy as predikant en onderwyser opgetree het, te verlaat. Vanhier het hy na Brandeis-op-die-Adler gevlug, maar toe die eienaar, Baron von Zerotin, by die Hapsburgers aangesluit het, het hy na Lissa in Pole verhuis. Sommige Broeders het na Hongarye gevlug; sommige is deur die Keurvors van Sakse verwelkom, andere het na Holland, Lusatia, Sakse en Engeland versit, terwyl andere in Boheme en Morawië agtergebly en deur middel van middernagtelike byeenkomste die vuur van die Evangelie brandende gehou het.

1. Hutton: History of the Moravian Church, 150.
2. Ibid., 151.

het.[1)]

In Lissa het Comenius hom meer aan die onderwys gewy en aldaar die groot taak van sy lewe verrig. Hy het egter 'n onwrikbare geloof in die herlewing van die Broederkerk gehad en volgens hom kon dit alleen deur middel van die opvoeding van die jeug bewerkstellig word. In sy Groot Leerboek of Didaktiek het hy sy opvoedkundige idees geformuleer en sy groot verdienste lê in die beklemtoning van die praktiese element en dat die besonderhede deur die algemene beginsels in die onderwys voorafgegaan moet word. So het hy vir dertien jaar lank in die Latynse skool te Lissa sy breinkrag aan die verwesenliking van hierdie ideaal gewy.[2)]

Die Vrede van Wesfale het geen voorsiening vir die terugkeer van die Broeders vanuit die oorde van hulle ballingskap gemaak nie. En so het Comenius hom gedurende die laaste jare van sy lewe besiggehou met die insameling van fondse vir die Broederkerk wat hom weer in staat gestel het om godsdienstige literatuur vir sy geloofsgenote te laat druk. Daar dien egter op gewys te word dat Comenius seker die sterkste skakel tussen die Ou en die Hernude Broederkerk was. Vir die kontinuïteit en behoud van die Episkopaälse Ordes van die kerk het hy gesorg deur voor sy oorlye sy skoonseun, Petrus Jablonsky, tot biskop te wy wat weer op sy beurt sy eie seun, Daniel Ernest, tot die biskopsamp verhef het. Laasgenoemde het weer David Nitschmann, die eerste biskop van die Hernude Broederkerk, georden. Voorts het hy die „Ratio Disciplinae" oorhandig wat later as die gewenste prikkel gedien het om Von Zinzendorf se siel met vuur vir die Broederkerk te vul.

Ten slotte het hy vir die bannelinge wat nog steeds in die geheim in Morawië en Boheme aanbid het, 'n kategismus, bekend as „The Old Catholic Christian Religion in Short Questions and Answers"[3)] opgestel. So het die waardige kruisgesant,

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 156-159.
2. Ibid., 160-161.
3. Hutton vermeld nie die titel van hierdie Kategismus in Duits nie.

wat geglo het dat die kerk van Christus altyd heerliker uit die puinhope opgestaan het, in 1672 sy ewige rus ingegaan.[1]

2. Zinzendorf, die stigter van die Hernude Broederkerk.

(a) Die Evangeliese of Hernude Broederkerk, soms ook die Morawiese Kerk genoem, het uit die oorblyfsels van die Ou Boheemse Broederkerk, wat in 1457 gestig is, ontstaan.[2] Hierdie hernuwing is deur die toedoen van graaf Nikolaus Ludwig von Zinzendorf wat as „die originellste und bedeutendste Persönlichkeit..... der christlichen Frömmigkeit"[3] van die 18e eeu getipeer is, bewerkstellig.

Von Zinzendorf is op 26 Mei 1700 in Dresden gebore. Sy vader, 'n vroeggestorwe kabinetsminister, het die piëtistiese rigting voorgestaan. Ten tye van sy sterfte het hy die jeugdige graaf in sy arms geneem „and consecrated him to the service of Christ".[4] Dr. Philip Jacob Spener, die vermaarde piëtistiese leier in Duitsland, het hom met vaderlike belangstelling gadegeslaan, terwyl sy grootmoeder, Catherina von Gersdorf, aan wie se sorg hy vanaf sy vierde jaar toevertrou is, hom soos die appel van haar oog opgepas het.

In 1704 is hy skool toe gestuur en die ernstige jong piëtis Edeling, 'n produk van August Hermann Francke se skool te Halle, het as sy eerste onderwyser opgetree. Vanaf sy sesde jaar het hy Christus as Saligmaker aangeneem, biduurtjies in sy private kamer gereël en preke vir sy vriende gehou. Kortom, die fondament van sy godsdiens was kerngesond, nie morbied nie, maar wel vol vreugde en wat nie ontstaan het as gevolg van mistieke geestesvervoering nie, maar vanweë 'n deurtastende studie van die Bybel van kindsbeen af.[5]

Op tienjarige leeftyd is hierdie brose aristokraat na die skool van professor Francke te Halle gestuur waar hy onder sy persoonlike toesig opgevoed en onderwys is. Sy private on-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 167-172.
2. Missions-atlas der Brüdergemeine, 3.
3. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 367.
4. Hutton: t.a.p., 177.
5. Ibid., 178.

derwyser was 'n sekere Daniel Crisenius, 'n bullebak van 'n pedagoog wat deur 'n skyn van vroomheid 'n aanstelling in Francke se skool gekom het. Reeds vroeg het Von Zinzendorf tekens van ware godsvrug getoon daar hy op vyftienjarige leeftyd met die stigting van klein, geestelike verenigings onder sy mede-leerlinge begin en so sy skoolmaats as 'n morele besieling gedien het. Van alle klubs deur Von Zinzendorf gestig, was die Orde van die Mosterdsaad vir geestelike opwekking in die kerk en bekering van heidene, seker die beroemdste en blywendste.[1)]

Ten tye van die besoek van die Deense sendeling, Ziegenbalg, vanaf Malabar in 1715, het daar skielik by hom 'n onkeerbare drang ontstaan om sendeling te word, maar omdat hierdie beroep nie met die loopbaan wat sy voog vir hom gekies het, gestrook het nie, moes hy voorlopig van die gedagte afsien. Daar hy volgens die mening van sy oom reeds te piëtisties was, het hy hom na die Universiteit van Wittenberg gestuur om hom in die regte te bekwaam. Toe hy sy studies voltooi het, het hy volgens gewoonte 'n buitelandse reis onderneem en in Holland en Frankryk met baie gereformeerdes in aanraking gekom. Nogtans het sy opvatting van die liefde van Christus steeds brandend in hom gebly en sy gemoedstemming word duidelik weerspieël wanneer hy getuig: „Wenn er auch sonst von niemand geachtet wird, so will ich mich doch an ihn hängen und mit ihm leben und sterben".[2)]

(b) Indien die graaf egter sy eie sin kon hê, sou hy in die diens van die staatskerk getree het, maar destyds was dit benede die waardigheid van iemand wat tot die adelstand behoort het om predikant te word. Gevoglik was hy verplig om regsgeleerde te bly en is later as die koninklike raadgewer van Augustus, die Sterke van Sakse, aangestel. Desnieteenstaande het die drang om te preek so sterk by hom ontvlam dat hy die publiek na 'n weeklikse byeenkoms elke Sondagnamiddag vanaf drie tot sewe-uur in sy eie kamers uitgenooi het. By dergelike ge-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 180-184.
   Landwehr: Handboek der Kerkgeschiedenis, Deel 3, 117.
2. Landwehr: S.a.p., Deel 3, 117.

leenthede het hy 'n gedeelte uit die Skrif voorgelees en op 'n vry en heel gemaklike manier geestelike praatjies gehou.[1] Von Zinzendorf was nie heeltemal tevrede met die werke van piëtiste soos Spener, Francke en andere nie, maar wou die idees van Spener op mense, wat 'n nederige lewe gevoer het, toepas. Ten eind sy idees prakties toe te pas, het hy Berthelsdorf, die landgoed van sy grootmoeder, ongeveer drie myl van Hennersdorf, aangekoop. Johannes Andreas Rothe, 'n vriend van Von Zinzendorf, is as pastoor van die dorpskerkie aangestel „and resolved that he and the pastor together would endeavour to convert the village into a pleasant garden of God".[2] So was die graaf, wat goed met die teologie en praktiese skemas van Luther vertroud was, voornemens om te Berthelsdorf die lieflikste drome van die groot hervormer prakties toe te pas.

Met toestemming van die Graaf von Zinzendorf het die eerste emigrante Augustin en Jakob Neisser met hulle vrouens en kinders, Martha Neisser en Michael Jaeschke, 'n neef van die familie onder aanvoering van Christiaan David op 8 Junie 1722 op Berthelsdorf, in Morawië aangekom.[3] Johannes Heitz, die bestuurder van Von Zinzendorf se landgoed, het in die afwesigheid van sy landheer, hierdie vlugtelinge uit die vreemde met agterdog bejeën en sodoende hulle op 'n veilige afstand buitekant die dorp geplaas. Hierdie moerasagtige stuk grond, 'n myl buitekant die dorp, het die naam van Hutberg gedra. Op hierdie plek, later Herrnhut genoem, het die reste van die Ou Broederkerk „Schutz und Glaubensfreiheit in Sachsen"[4] gevind. Vyf jaar na die aankoms van die eerste emigrante, het meer uit ander dele van Duitsland gevolg en so het die klein evangeliese „Vrykerk" in so 'n mate uitgebrei dat die sieletal op 300 te staan gekom het.

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 189.
2. Ibid., 190.
3. Schmidt: Die Pinkster van Herrnhut, 13e Augustus 1727, 3; Hutton: t.a.p., 196.
4. Missions-atlas der Brüdergemeine, 3.

Toe die aantal vlugtelinge in so 'n mate aangegroei het, het Von Zinzendorf besluit om sy betrekking te Dresden tydelik neer te lê en die leiding van die gemeente self op hom te neem. Vir die doel het hy hom in Tübingen as teologiese kandidaat laat eksamineer. Op hierdie wyse het in Herrnhut 'n Evangeliese Broedergemeente ontstaan, maar nogtans het die graaf geen afstigting beoog nie, „want hy wilde zijne gemeente beschouwen als een parochie van het naburige Berthelsdorf" en Spener se ideaal van „een kerkje in de kerk"[1] verwesenlik. 'n Demoniese gees van onenigheid wat tot 'n teologiese geskil aanleiding gegee het, het egter die koms en inmenging van die graaf verhaas. 'n Sekere godsdienstige dweper Krüger het deur middel van opwinding en welsprekendheid die reputasie van 'n heilige verwerf. Hy het voorgegee dat hy 'n gesant van God was, wat Von Zinzendorf moes hervorm. In sy bitsige aanvalle het hy Rothe as 'n valse profeet, Von Zinzendorf as 'n gedierte en die Lutherse Kerk as 'n ware Babilon bestempel. Die eenvoudige setlaars is in so 'n mate deur Krüger beïnvloed dat hulle geweier het om die parogiekerk by te woon en hulle sterk vir die stigting van 'n sekte beywer het. Hoewel Krüger later as kranksinnige na 'n gestig in Berlyn gestuur is, het hy tog tydelik daarin geslaag om Hutberg in 'n fanatieke nes om te skep.[2]

Na 'n minnelike skikking met Rothe, het Von Zinzendorf die geestelike bearbeiding van die vlugtelinge begin waarneem. Ten gevolge van 'n deurtastende huisbesoek, het die Herrnhutters erken dat eiegeregtigheid en hoogmoed die wortel van hulle verdeeldheid was. Voorts het die graaf hom ten doel gestel om die orde in die Broederkerk ook uiterlik te herstel. Op 12 Mei 1727 het Von Zinzendorf 'n gemeenteordening voor die inwoners van Herrnhut gelê wat hy in medewerking met Rothe, Christiaan David en ander vooraanstaande Broeders opgestel het. Hierdie gemeenteordening het 'n reeks opdragte en verbiedings bevat

---

1. Landwehr: Handboek der Kerkgeschiedenis, Deel 3, 117.
2. Hutton: History of the Moravian Church, 203-204.

wat elke Herrnhutter moes gehoorsaam. By dieselfde geleentheid het hy ook 'n aantal statute aan die inwoners voorgelê wat as 'n basis vir 'n willekeurige godsdienstige gemeenskap sou dieh. Die uitwerking was verrassend, want spoedig is die eertydse gemeenskap van twistende dwarstrekkers tot 'n georganiseerde groep van ordeliewende, Christelike huurders omgeskep. Sodra die graaf daarin geslaag het om wet en orde onder die inwoners van Hutberg te bewerkstellig, het hy verlof vir afwesigheid van Dresden ontvang en te Herrnhut sy tuiste gemaak. Vanuit die staanspoor het hy hom beywer vir die verwesenliking van die ideaal van „ecclesiola in ecclesia" en so het hy 'n ander ooreenkoms, bekend as die Broederlike Unie en Verdrag wat hy ook aan die Broeders vir ondertekening voorgelê het, opgestel. Die uitwerking was weer prakties universeel. Op hierdie wyse is alle sektariese geskille gestaak en Christene behorende aan ander kerke is met die grootste broederliefde bejeën.[1]

Naas organisatoriese hervormings het Von Zinzendorf hom ook as 'n werktuig vir die geestelike herlewing van die vlugtelinge uit Morawië beywer. Op 13 Augustus 1727 het die klein gemeente van Herrnhut na 'n diepe verootmoediging en hartlike toewyding aan die Here 'n heerlike stigtingsdag beleef wat tot die stigting van die Hernhuuse Broederkerk aanleiding gegee het. Op hierdie geseënde dag het Gods gees ryklik op hulle gerus sodat hulle soortgelyke ervarings as die verwagtende dissipels op Pinksterdag beleef het.[2] Voorts dien daarop gewys te word dat die Broeders deur middel van uurlikse bidstonde getrag het dat die seën wat hulle ontvang het nie verlore sou gaan nie. Van alle gebedsunies wat ooit georganiseer is, was hierdie sekerlik die merkwaardigste omdat dit vir ongeveer 'n honderd jaar bestaan het.

(c) Toe die bedrywighede te Herrnhut in Duitsland weerklank gevind het, is Von Zinzendorf deur ortodokse Lutherane

---

1. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 368.
2. Hutton: History of the Moravian Church, 209;
   Schmidt: Die Pinkster van Herrnhut, 13 Augustus 1727, 5-6.

as „a nuisance, a heretic and a disturber of peace"[1] bestempel. Die graaf is van verskillende misdade beskuldig en ter verdediging hiervan het hy sy beroemde manifes, die „Notariats-Instrument" uitgevaardig. In hierdie dokument het hy verklaar dat die leer van die kerk net so ortodoks as die Lutherse Kerk self was en as sodanig deur manne soos Luther, Calvyn e.a. erken is. Wat die dissipline van die kerk betref, was dit seker die meerdere van die Lutherse Kerk. Nogtans het hy vir die behoud van die Morawiese Kerk binne die Lutherse Kerk gepleit.[2]

Von Zinzendorf was ook 'n persoon met 'n pragtige sendingywer, wat daaraan geglo het dat die Herrnhutters vir 'n wêreldwye sending geroep was. Vanweë hierdie drang het hy reise onderneem i.v.m. die vorming van 'n Vereniging vir Christelike Lidmaatskap binne die boesem van die volkskerk van Duitsland. Sodoende het hy 'n besoek aan die Universiteit van Jena gebring, waar hy 'n vereniging onder die studente tot stand gebring en 'n magtige indruk op August Gottlieb Spangenberg, 'n groot teologiese student en later 'n ywerige volgeling van die Broederkerk, uitgeoefen het. Soortgelyke verenigings is ook in Elmsdorf in Vogtland, Berleburg in Wesfale en Büdigen in Hesse gestig. Die buitelandse sendingbedrywighede van die Broederkerk is egter veroorsaak as gevolg van 'n ontmoeting van Anton, 'n Neger van Wes-Indië, en twee Groenlanders tydens die kroningsplegtigheid van Christiaan VI van Denemarke waarheen die graaf as gas uitgenooi is. Hierna is sendelinge in alle rigtings uitgestuur: twee na Kopenhagen, twee na Londen om die koningin te spreek en onderhandelings met die Vereniging i.s. die bevordering van Christelike kennis te tref, een na Swede en andere na Hongarye en Oostenryk, Switserland, Morawië en die Baltiese Provinsies.[3] As gevolg van groot teëstand wat Von Zinzendorf ondervind het, het hy op 7 Januarie 1731 die gemeente van Herrnhut versoek om liewers Lutherane te word en sodoende met alle

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 227.
2. Ibid., 227-228.
3. Ibid., 228-229.

regulasies en hulle konstitusie weg te doen. Die Broeders was egter ongeneë en, nadat die saak deeglik oorweeg is, is besluit om die lot oor die toekomstige bestaan van die kerk te werp. Di Here het dit in Sy wyse raad egter gewil dat die Morawiese Kerk sou voortbestaan.[1)]

Vanweë die groeiende antipatie van Lutherane en die owerheid is vroeg in 1732 'n kommissie van ondersoek vanuit Dresden na Herrnhut gestuur. Die kommissarisse het gevind dat Von Zinzendorf nie alleen Morawiërs nie, maar ook Schwenkfelders by Berthelsdorf gehuisves het. Hierdie Schwenkfelders was volgens die owerheid gevaarlike fanatici wat nie binne die grense van die land gedoog kon word nie. 'n Dekreet is derhalwe uitgevaardig wat alle Schwenkfelders gelas het om die land te verlaat en Morawiërs vergun het om te bly op voorwaarde dat hulle hulle goed sou gedra. Von Zinzendorf was baie gegrief en het die saak van die Broeders voor die Teologiese Fakulteit van Tübingen gelê. Volgens die uitspraak van die teologiese deskundiges was die Morawiërs sonder uitsondering goeie lede van die staatskerk, maar volgens die owerhede slegs 'n sekte wat nie gedoog kon word nie.[2)]

Hierdie voorval het Von Zihzendorf genoop om verdedigende maatreëls te tref. In 1734 het hy eerstens die gemeente van Herrnhut in Morawiërs en suiwer Lutherane verdeel, tweedens hom tot Lutherse predikant laat orden en derdens 'n paar Morawiërs na Georgia gestuur om daar 'n kolonie te stig. Op hierdie wyse het die graaf sy posisie as leier van die Hernude Broederkerk verstewig en hom voorberei vir die ergste.[3)]

In 1735 het hy sy posisie nog meer versterk. Die Morawiërs in Georgia het 'n skreiende behoefte aan twee predikante gehad en sodoende het hy David Nitschmann tot biskop deur biskop Daniel Ernest Jablonsky laat wy. As biskop van die buitelandse vertakking van die Broederkerk het Nitschmann saam met

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 230.
2. Ibid., 231.
3. Ibid., 231.

die tweede groep koloniste na Georgia vertrek. Op hierdie wyse het Von Zinzendorf die Morawiese Episkopaalse opvolger van die kerk gebly, nie om sektariese motiewe nie, maar slegs om die Broeders te help wanneer dreigende storme oor hulle sou losbars.

Nieteenstaande dit het die Piëtiste hom verdoem omdat hy, volgens hulle mening, nooit die skielike en krampagtige bekering, wat aan gevoelsmense eie is, beleef het nie.

Ten gevolge van alle antipatie van edelliede, meer bepaald dié van Sakse, het Augustus III van Sakse hom in 1736 as 'n ketter uit sy koninkryk verban. Die redes vir sy verbanning was drieërlei:

(i) Die invoering van godsdienstige nuwighede;
(ii) Die reëling van geheime samekomste;
(iii) Die verkondiging van 'n valse leer.[1]

Landwehr is egter die mening toegedaan dat, ofskoon daar niks op die leer van die Broedergemeente te sê val nie, die offisiële kerklike party tog vir die verbanning van Von Zinzendorf uit Sakse verantwoordelik was en „hoogswaarschijnlijk geschiedde dit op verzoek van Oostenrijk, dat met leede oggen aanzag, dat zoovele emigranten door Zinzendorf ontvangen worden".[2]

(d) Na sy verbanning uit Sakse het die energieke graaf na 'n nuwe arbeidsfeer gesoek. Op versoek van die grawe van Isenberg, eienaars van die twee geruïneerde kastele Ronneburg en Marienburg in die distrik van Wetternau wat destyds deur sesen-vyftig smerige families bewoon is, het Von Zinzendorf saam met 'n groepie pelgrims hulle daar gaan vestig „to proclaim the Saviour to the world".[3] Terwyl hy eendag besig was om langs die Baltiese kus te wandel, het hy weereens 'n ingewing ontvang om die Episkopaalse Orde van die Broederkerk in Duitsland te herstel. Onmiddellik hierna het hy 'n skrywe aan Frederick Wilhelm I van Pruise gerig waarin hy hom versoek het om deur gekwalifiseerde geestelikes van die staatskerk in die godsdiens-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 231-232.
2. Landwehr: Handbuek der Kerkgeschiedenis, Deel 3, 117.
3. Hutton: t.a.p., 256.

leer ondersoek te word. Op uitnodiging en versoek van die koning is hy in 1737 te Berlyn tot „broederskap" deur biskop Jablonsky, 'n Lutherse biskop van die Morawiese Kerk, gewy.[1)]

Kort na sy ordening het hy die grondbesitters van Isenberg versoek om aan dertig tot veertig families afkomstig uit Herrnhut 'n tuiste te bied waar hulle volle vryheid kon geniet wat die hou van byeenkomste en die beoefening van hulle eie dissipline en sakramente betref. Nadat verlof ontvang is, is 'n neersetting, Herrnhaag, op model van Herrnhut, gestig. Herrnhaag het later 'n opleidingsentrum vir toekomstige predikante van die Morawiese Kerk geword wat studente van oor die hele Duitsland getrek het. Naas die Teologiese Opleidingskollege is ook skole vir seuns sowel as dogters gestig en vir 'n periode van tien jaar was Herrnhaag „the busiest centre of evangelistic zeal in the world".[2)]

Daarna het Von Zinzendorf na St. Thomas, een van die Deense Wes-Indiese Eilande, vertrek om die sendingkerk aldaar op 'n hegte basis te plaas. Nadat verlof van die koning van Denemarke ontvang is, het hy hom gehaas om Frederich Martin en ander sendelinge wat meer as drie maande in die gevangenis verkeer het, op vrye voet te stel. Ten spyte van geweldige teenkanting van die planters en die Nederduits-Gereformeerde Kerk wat daar werksaam was, het hy tog daarin geslaag om 'n aantal inboorlinggemeentes asook 'n skool vir negerseuns te stig. Nadat hy sy taak i.v.m. die reorganisasie van die sending op St. Thomas in 1739 afgehandel het, het hy na sy vaderland teruggekeer om sy aandag aan die inwoners van Herrnhut te gee. Benewens die uitbreiding van die Morawiese Broederkerk na St. Thomas het hy ook verder Broedergemeentes in Engeland, Rusland en selfs in Amerika gestig. Ook in Nederland was daar twee gemeentes: een te Yselstein (1737) en die ander te Zeist (1746).[3)]

Toe die Broedergemeente te Herrnhut, wat kerkregering be-

---

1. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 368.
2. Hutton: History of the Moravian Church, 260.
3. Landwehr: Handboek der Kerkgeschiedenis, Deel 3, 118; Heussi: t.a.p. 368.

tref, weer die ou Morawiese beginsels i.p.v. die leer van die Augsburgse Konfessie in 1748 aanvaar het, is hulle andermaal in Säkse erken. As gevolg van hierdie erkenning was dit vir Von Zinzendorf moontlik om na Herrnhut terug te keer. Sy laaste dae het hy verdryf deur die Teksboek van die Broederkerk, wat in 1731 die lig gesien het, te hersien. Op 9 Mei 1760 het hierdie stigter en kampvegter van die Hernude Broederkerk na 'n kort siekbed sy ewige rus ingegaan.[1)]

(e) Die waardige opvolger van hierdie groot gees was August Gottlieb Spangenberg wat hom vir die Broedergemeente sowel as vir sy leer verdienstelik gemaak het. Spangenberg was wel die mindere van Von Zinzendorf wat genialiteit betref, sy gelyke in energiekheid, maar in praktiese wysheid het hy sy voorganger verreweg oortref. Hy was die organiseerder van die eerste Morawiese gemeente in Engeland, superintendent van die eerste veldtog in Yorkshire, leier van die agterhoede na Noord-Amerika, verdediger van die Broeders in menige pamflet kort na die periode van sifting (1743-1750), vormgewer van hulle uitgebreide teologiese geskrifte en bekwame gids wat die Broeders vir ongeveer dertig jaar met verstand en geduld deur die menigte gevaarlike finansiële krisisse tot sy oorlye in 1792 gedien het.[2)]

Die Morawiese Broederkerk het dus deur die toedoen van manne soos Von Zinzendorf en Spangenberg sy beslag as 'n volwaardige Christelike kerk verwerf.

3. <u>Kerkinrigting en godsdienstige grondbeginsels van die Broederkerk.</u>

(a) <u>Kerkinrigting.</u>

As gevolg van die buitengewone groei van die Morawiese Broederkerk in Europa, Brittanje, Amerika en elders moes die kerkinrigting van tyd tot tyd verander word. As gevolg van die besluit van die Algemene Sinode van 1898 te Herrnhut, word die

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 392.
2. Heussi: Kompendium der Kirchengeschichte, 368; Hutton: t.a.p., 425.

Broederkerk as volg gekonstitueer:

1. Die opperjurisdiksie van die kerk berus by die Algemene Sinode, bestaande uit gekose afgevaardigdes. Die funksies van Algemene Sinode kan kortliks as volg saamgevat word:

   (a) Om die dogma van die kerk te bepaal.
   (b) Om beslissings oor alle essensiële punte in die Liturgie te vel.
   (c) Om die fundamentele reëls vir orde en dissipline voor te skryf.
   (d) Om te bepaal wat noodsaaklik vir lidmate van die kerk is.
   (e) Om biskoppe te nomineer en te wy.
   (f) Om die buitelandse sending en opvoedkundige werk van die kerk te behartig.
   (g) Om die finansies van die kerk te inspekteer.
   (h) Om die lede van die Eenheidskonferensie vir Ouderlinge te kies.
   (i) Om die Algemene Sinode te vorm, te konstitueer en die datum en die plek van die byeenkoms asook die basis van verteenwoordiging te bepaal.
   (j) Om alles rakende die belange van die Morawiese Kerk te besleg.[1)]

2. Die Broederkerk word in vier selfstandige Eenheidsprovinsies verdeel:

   (a) Die Eenheidsprovinsie van die Vasteland van Europa.
   (b) Die Eenheidsprovinsie van Brittanje.
   (c) Die Eenheidsprovinsie van Noord-Amerika-Noord.
   (d) Die Eenheidsprovinsie van Noord-Amerika-Suid.[2)]

3. Elke Eenheidsprovinsie hou sy eie provinsiale sinodes, maak sy eie wette en kies die verteenwoordigers van sy eie Provinsiale Ouderlingskonferensie.[3)]

4. 'n Sendingdireksie, gekies deur die Algemene Sinode, behartig die bestuur van die buitelandse sending. Ten gevolge van die ontwrigting wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is, het die Algemene Sinode in 1931 besluit om vier sendingdireksies in die lewe te roep, elk waarvan vir 'n sekere sendingsfeer verantwoordelik is t.w.

   (a) Die Herrnhut-Sendingdireksie in Duitsland met Suid-Afrika-Wes en -Oos en Nyassaland as sendingsfeer.
   (b) Die Zeist-Sendingdireksie in Holland met Suriname in Suid-Amerika as sendingsfeer.

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 472.
2. Schmidt: Die 200-jarige Jubelfees van die Sending van die Broederkerk, 1732-1932, 3.
3. Ibid.

(c) Die London-Sendingdireksie in Brittanje met Labrador, Wes-Indië, Demara, Unyamwesi en Himalaja as sendingsfeer.
(d) Die Bethlehem-Sendingdireksie in Noord-Amerika met Alaska, Kalifornië en Nikaragua as sendingsfeer.[1]

Al hierdie sendingdireksies bly nog altyd aan die Algemene Sinode verantwoordelik. Kortom, die behartiging van die buitelandse sending bly nog in beginsel die groot taak van die Broederkerk of Eenheidsprovinsie.

5. Ten slotte maak die konstitusie voorsiening vir die samestelling van 'n Eenheidskonferensie van Ouderlinge gekies uit die geledere van die Sendingdireksie en die vier Provinsiale Besture van die vier Eenheidsprovinsies. Hierdie liggaam sou voortaan nie meer in Duitsland setel nie en nog minder toegelaat word om herhaaldelike byeenkomste te reël nie. Enersyds het die ou Eenheidskonferensie van Ouderlinge as 'n aktiewe liggaam opgehou om te bestaan, maar andersyds het dit nog altyd as 'n soort hooggeregshof ten tye van Algemene Sinodes bly voortbestaan. Ten spyte van die onmoontlikheid vir lede om altyd voltallig te vergader, bly dit 'n feit dat hierdie liggaam nie as 'n versinsel mag bestempel word nie. In die teorie setel hierdie liggaam nog altyd in Berthelsdorf en in werklikheid word dit nog steeds as die hoogste administratiewe gesag beskou wat moet toesien dat die besluite van die Algemene Sinode in elke vertakking van die Broederkerk uitgevoer word.[2]

Binne die Broederkerk, as 'n verenigde kerklike liggaam, geniet elke provinsie volle onafhanklikheid wat hulle eie interne aangeleenthede betref. In die geval van Brittanje, as 'n Eenheidsprovinsie, berus die wetgewende gesag by die Provinsiale Sinode. Hierdie Sinode bestaan eerstens uit alle georde dende predikante in diens van die kerk, tweedens uit die advokaat en die sekretaris van die Broeders en derdens uit afgevaardigdes deur die verskillende gemeentes gekies. Op 'n Provinsiale

---

1. Schmidt: Die 200-jarige Jubelfees van die Sending van die Broederkerk, 1732-1932, 3.
2. Hutton: History of the Moravian Church, 475.

Sinode in Brittanje in 1907 is besluit dat elke gemeente wat uit meer as 150 lede bestaan, die reg sou hê om twee afgevaardigdes na die Sinode te stuur. Alles dui dus daarop dat die Provinsiale Sinode die hoogste gesag binne die Eenheidsprovinsie voer. Voorts beskik dit oor die mag om die tyd en plek van sinodale samekomste te reël, toesig oor die administrasie van finansies te hou, nuwe gemeentes te stig, alle offisiële kerklike publikasies te resenseer, biskoppe te nomineer en verteenwoordigers vir die Provinsiale Ouderlingskonferensie te kies. Net soos die Eenheidskonferensie van Ouderlinge in naam en op gesag van die Algemene Sinode handel, so tree die Provinsiale Ouderlingskonferensie weer in naam en op gesag van die Provinsiale Sinode op.

Die Provinsiale Sinodes sien ook toe dat kerkwette ten uitvoer gebring word. Verder stel hulle predikante aan, reël offisiële besoeke eenmaal elke drie jaar om die toestande in die gemeentes te ondersoek, eksamineer kandidate vir die leraarsamp, administreer die finansies van die provinsie en tree ten slotte as 'n appelhof vir die beslegting van geskille op.[1)]

Hierdie selfde beginsels is ook van toepassing in die geval van individuele provinsies. Elke gemeente behartig sy eie sake onderhewig aan die algemene wette van die provinsie. Alle lede oor agtien jaar, wat belastings betaal, is stemgeregtig en instaat om afgevaardigdes vir Provinsiale Sinodes sowel as verteenwoordigers vir gemeentekomitees te kies. Hierdie gemeentekomitee, wat eenmaal elke drie jaar gekies word, moet in samewerking met die leraar sorg vir die behartiging van goeie gedrag, eerlikheid en fatsoenlikheid onder alle gemeentelede, stiptelike dissipline en berisping, oorweging van aansoeke van nuwe lidmate, instandhouding van die kerk, pastorie, sondagskool en ander gemeentelike eiendom sowel as die tydelike finansiële belange van die gemeente.

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 475.

Naas predikante, ouderlinge,diakens en koorhelpers d.w.s. opsieners oor kore waarin die gemeente verdeel word, word ook van biskoppe gebruik gemaak. In geen opsig voer hierdie biskoppe beheer oor die hele of 'n gedeelte van die Broederkerk nie, maar tree slegs as geestelike leiers van die kerk op. Biskoppe het wel die mag om ouderlinge en diakens te orden, die geestelike toestand van proponente te ondersoek en bowenal as bemiddelaars in Gods kerk op te tree. Verder besit hulle nie meer mag as gewone predikante nie.

Vroeër is dikwels ook van loting i.v.m. beslissings gebruik gemaak, maar teen die laaste helfte van die neëntiende eeu het hierdie gewoonte in onbruik geraak en in 1889 is dit finaal afgeskaf. Sedertdien word alle leiding deur middel van gebed gesoek.[1)]

(b) Godsdienstige grondbeginsels.

Die godsdienstige grondbeginsels van die Morawiese Broederkerk gaan sover as die ontstaan van die kerk terug. Vir enige jare gelede is die leuse van Rupertus Meldenius as maatstaf in die verband gebruik, nl.„In necessariis unitas; in non-necessariis libertas; in utrisque caritas".[2)]

Vir ongeveer 450 jaar was die verskil tussen die wesentlike en nie-wesentlike, 'n fundamentele beginsel van die Morawiese Broederkerk, Dit alles is in die werke van Petrus van Chelcic gevind, ten volle deur Gregorius, die patriarg verklaar, deeglik deur die Boheemse Broeders in hulle kategismus onderrig en word vandag nog in alle Morawiese leerstellings toegepas. In die vroeëre geskrifte van Gregorius sowel as in die kategismus van die Boheemse Broeders is die wesentlike, d.w.s. dinge soos geloof, hoop en liefde asook die Apostoliese geloofsbelydenis ingesluit. Die nie-wesentlike daarenteë het sigbare en konkrete dinge soos kerke, predikante, sakramente, en ander genademiddels behels. Vir die wesentlike was geen

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 476-477.
2. Ibid., 482.

kompromieë moontlik nie, maar vir die nie-wesentlike wel. Vir wesentlike beginsels het die Broeders dikwels hulle bloed gestort, terwyl die nie-wesentlike as slegs nuttig of toevallig bestempel is.

Die oogmerke van die hedendaagse Morawiërs is soortgelyk omdat die fundamentele waarhede soos deur die Heilige Skrif geopenbaar, die enigste wesentlike in die Skrif is. Die Apostoliese geloofsbelydenis soos in die Skrif vervat, word dus deur alle Morawiese Broeders bely. En tog is dit heeltemal korrek om te sê dat hulle geen geloofsbelydenis behalwe dié soos vervat in die besluit van die Algemene Sinode van 1857 wat bepaal dat slegs die „Holy Scripture of the Old and New Testament are, and shall remain, the only rule of our faith and pracitce"[1) het nie.

Hulle eerbiedig dus die Heilige Skrif as die Woord van God, erken geen ander vorm van kerkwet nie, beskou elke menslike dogma as onvolmaak en staan derhalwe tot op die hede vir die vereniging van alle Christene op 'n breë Bybelse grondslag. Vandaar dat Morawiese Broeders hulle kerk 'n Verenigde Kerk noem. So het hulle reeds by die Sinode van 1744 verklaar dat hulle plek vir Morawiërs, Lutherane en Hervormers binne hulle eie grense het en wat in werklikheid beteken dat groot verskille i.v.m. dogmatiese vraagstukke binne hulle geledere, geduld word. Nieteenstaande dit bestaan daar andersyds wel eenstemmigheid oor sekere punte.

Indien die Morawiese Kerkboek geraadpleeg word, sal dit blyk eerstens dat alle Morawiërs evangelies van aard is en tweedens dat hulle leerstellings nie dogmaties duidelik omlyn is nie. So lank 'n persoon aan die breëre beginsels van die Christelike geloof vashou, mag hy, of hy nou al 'n predikant of 'n leek is, oor netelige vraagstukke dink soos hy verkies. Volgens hulle oordeel is die mees essensiële in 'n predikant nie sy ortodokse gehegtheid aan 'n dogma nie, maar wel

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 483.

sy persoohlike verhouding tot Jesus Christus. Vandaar dat hulle ook geen gewetensbeswaar het dat hulle kandidate vir die leraarsamp toegelaat word om aan die voete van teologiese professore, behorende aan ander denominasies, te sit nie.[1]

Ten slotte moet daarop gewys word dat die piëtistiese beskouing van Von Zinzendorf in sy leerstellings veel breër as die leer van die Piëtisme self is. Sonder om op die onderskeid en teenstrydighede daarvan in te gaan „wird der Kern des Evangeliums, die Versöhnung des Sünders mit Gott durch Christus, den für uns Mensch geworden, gekreuzigten, auferstandenen und zur Rechten des Vaters erhöhten Sohn Gottes, in den Vordergrund gestellt".[2] Kortom, die hele gedagtewêreld van die Morawiese Broeders is derhalwe so sterk christosentries dat die werk van die Skepper deur die van Sy seun feitlik geheel-en-al in die skaduwee gestel word.[3]

Die Morawiërs van die twintigste eeu volg dus in die voetspore van die vroeëre Boheemse Broeders wat bely dat, wanneer die verhouding van die menslike hart tot Christus reg is, die rede vryspel mag hê.

Ook wat alle nie-wesentlike beginsels betref, is hulle ewe breed wat hulle opvattings betref. Die Morawiese Broederkerk ag hulself as 'n ware Episkopaalse Kerk wat daarna streef om op vriendskaplike voet met ander denominasies te verkeer met behoud van hulle eie identiteit.

Nagmaal word eenmaal elke maand gevier by welke geleentheid gesange wat die brood en die wyn besing, gesing word en nogtans het hulle geen definitiewe dogma i.s. die aanwesigheid van Christus in die Eucharistie nie. In sommige gemeentes word die ouel en in ander gewone brood gebruik wanneer die nagmaal bedien word.

Kinderdoop is 'n ander sakrament wat beoefen word, maar nietemin huldig hulle geen streng opvatting aangaande wederdo-

---

1. Hutton: History of the Moravian Church, 483.
2. Missions-atlas der Brüdergemeine, 3.
3. Landwehr: Handboek der Kerkgeschiedenis, Deel 3, 118.

ping na herlewing nie.

Aanneming van lidmate is 'n ander belangrike beginsel van die kerk, maar tog word dit nie as 'n absolute voorwaarde vir almal gestel nie. Indien 'n kandidaat op gevorderde ouderdom lidmaat wil word, word hy van aanneming vrygestel en op aanvaarding toegelaat.

Episkopaalse wyding word ook beoefen, maar alle ander inseënings van kerklike dienaars word nie as ongeldig beskou nie. So kan predikante van enige ander Protestantse kerk as Morawiese leraars aanvaar word sonder om biskoplike ordening te ondergaan.

By die bediening van sakramente, huwelike en ordenings dra die Morawiese predikant gewoonlik 'n koorkleed en nogtans bestaan daar geen verwysings aangaande gewaad in die regulasies van die kerk nie.

Die Morawiese Broeders herdenk ook kerklike feesdae soos die Jaar van die Heer, Advent, Lent (Vastyd), Pase, Pinkster en Trinitas (Drieëenheidsfees). Net soos in baie Christelike kerke maak die „Lydensweek" 'n besonder gewyde periode uit. Op Palmsondag word 'n Hosanna wat deur Gregorius gekomponeer is, gesing en tydens alle dienste gedurende die lydensweek word die lydensgeskiedenis vanuit die harmonie van die vier Evangelies gesamentlik gelees. Die Woensdagaand daarna word gewoonlik nuwe lidmate voorgestel en die volgende dag avondmaal gevier. Op Goeie Vrydag word 'n reeks spesiale dienste gereël terwyl op Paassondag die opstanding van Christus deur middel van 'n vroeë môrediens herdenk word.

Daar bovermelde nie-wesentlike beginsels deur tradisié geheilig is en van ontskatbare betekenis vir hulle geestelike lewe was, word hulle nie maklik deur waardige kerkmanne soos die Morawiese Broeders oorboord gegooi nie.[1)]

4. <u>Sendingbedrywighede van die Morawiese Broeders.</u>

(a) <u>Algemene sendingbedrywighede.</u>

Die Morawiese Broeders was van vroegher vir hulle sending-

ywer bekend. 'n Dekade na die totstandkoming van die Hernude Broederkerk is daar met georganiseerde sendingwerk deur hulle begin, „welches unter Gottes Segen aus kleinen Anfängen sich über alle Weltteile ausgedehnt hat und wie an Umfang so auch an innerer Befestigung beständig gewachsen ist".[1)]

Hierdie eerste aktiewe optrede was te danke aan die inspirasie wat die graaf Von Zinzendorf tydens die kroningsplegtigheid van Christian VI van Denemarke opgedoen het toe hy na die roerende verhale van Anthonie Ulrich, die Neger van Wes-Indië en twee Groenlanders geluister het. Na sy aankoms in Herrnhut is die kerstening van heidene in die buiteland met die Broeders bespreek en op 11 Februarie 1728 "a band of Single Brethren.... had made a covenant with each other to respond to the first clear sound of the trumpet call".[2)]

Alhoewel dit nie hier om 'n volledige relaas van die sendingbedrwyighede gaan nie, wil ons daarop wys dat die eerste daadwerklike poging op 21 Augustus 1732 aangewend is met die stuur van Leonard Dober en David Nitschmann na die Wes-Indiese Eilande om aldaar onder die slawe te arbei.[3)] Nadat die graaf hulle tot op Bautzen vergesel het, het die twee kruisgesante te voet na Kopenhagen afgereis. Alhoewel hulle deur die Gereformeerde Sendingkollege van Kopenhagen as 'n „brace of fools" uitgelag is vanweë die feit dat hulle sending nie van staatsweë geskied het nie, het hulle nogtans in 'n periode van 50 jaar 13,000 Heidene gedoop en kerke op die eilande St. Thomas, St. Croix, St. Johannes, Jamaika, Antigua, Barbados en St. Kitts gehou alvorens ander kerke op die toneel verskyn het.[4)]

Vanaf 1732 tot op die hede het die invloedsfeer van die Morawiese Sending geweldig uitgebrei. Deur middel van ywerige draers van die Evangelie na heidenlande, inisiatief en finansiële onderskraging van die Sendingdireksie in Herrnhut, ver-

---

1. Missions-atlas der Brüdergemeine, 3.
2. Hutton: History of the Moravian Church, 235.
3. Taylor: Christianity and the Natives of South Africa, 251. Hutton: t.a.p., 237.
4. Hutton: t.a.p., 238-239.

enigings[1] i.v.m. die bevordering van die sendingwerk deur middel van gebed en bydraes, verteenwoordigers van die sending in Duitsland, Oostenryk, Switserland, Holland, Engeland en Amerika wat help met die insameling van fondse asook die immergroeiende skaar van werkers op kerklike en opvoedkundige gebied, was dit moontlik om sendingwerk in 36 gebiede in die wêreld te onderneem. In Europa is daar alleen ses gebiede, wat veral sendingwerk onder die Samojede in Lapland, Kalmücke in Kaukasus en in Konstantinopel insluit. Alhoewel die arbeid onder die Kalmücke op een of ander tyd onderbreek is, is dit later weer hervat. In Amerika, Wes-Indië en Groenland is daar vyftien gebiede wat Wes-Indië, Groenland, Noord-Amerika onder die Indiane, Labrador, Suriname, Tortola-Eilande, Georgia, Tobago, Nickerie onder die Creek-Indiane, Wachau onder die Negers, Nikaragua, Demarara, Kalifornië en Alaska insluit. Selfs Afrika, Asië en Australië is nie onaangeroerd gelaat nie. So is daar byvoorbeeld op sewe gebiede in Afrika t.w. Goudkus, Suid-Afrika, Abessinië, Egipte, Suid-Afrika (wes en oos) vir 'n tweede keer, Nyassaland en Unyamwesi; ses gebiede in Asië t.w. Trankebar, Nikobar-Eilande, Bengale, Ceylon, Persië en Himalaja en twee gebiede in Australië t.w. Suid-Australië en New Queensland arbeidsvelde geopen.

Siekte, dood en ernstige teëspoede wat sendelinge in baie van die bovermelde gebiede moes verduur, het dikwels die Sendingpogings in die kiem gesmoor. So is die sending onder die Indiane in Noord-Amerika deur die vernietigingsproses van die inheemse bevolking ongedaan gemaak. Ander sendingvelde soos die in Groenland is na 167 jaar van troue arbeid aan die Deense Lutherse Kerk en dié in Australië aan die Presbyteriaanse Kerk oorgedra.[1] Volgens die jongste statistiese opgawes word daar vandag nog in 15 gewestes sendingwerk gedoen. Vyf van hierdie gebiede t.w. Tsjeggo-Slowakye, Jamaika, Wes-Indië-Oos en Brits-Guyana, Suriname en Suid-Afrika-Wes het al so 'n mate

1. Schmidt: Die 200-jarige Jubelfees van die Broederkerk, 1732-1932, 4 & 5.

van selfstandigheid bereik dat hulle as selfstandige provinsies in oorgangstadium kan geklassifiseer word. Newegaande tabel staan derhalwe in die tekens van 'n uitgebreide en aktiewe sendingprogram.

| | Begin | Hoofstasies. | Werkers. | Sieletal. |
|---|---|---|---|---|
| Selfstandige Provinsies in oorgangstadium. | | | | |
| 1. Tsjeggo-Slowakye. | - | 17 | 16 | 6699 |
| 2. Jamaika. | 1754 | 16(41) | 22 | 11065 |
| 3. Wes-Indië-Oos & Brits Guyana. | 1732 | 30(59) | 42 | 32353 |
| 4. Suriname | 1735 | 37(83) | 60 | 34782 |
| 5. Suid-Afrika-Wes. | 1736 | 16 | 38 | 21381 |
| Sendingwerk | | | | |
| 1. Labrador | 1771 | 4 | 14 | 1245 |
| 2. Alaska | 1885 | 6(45) | 17 | 2480 |
| 3. Suid-Kalifornië | 1890 | 2 | 2 | 167 |
| 4. Nikaragua | 1849 | 15(66) | 34 | 16317 |
| 5. Honduras | 1930 | 3(22) | 5 | 1142 |
| 6. Suid-Afrika-Oos | 1828 | 17 | 33 | 19889 |
| 7. Oos-Afrika, Nyassa | 1890 | 20 | 34 | 27748 |
| 8. " " Unyamwesi | 1897 | 6 | 20 | 10809 |
| 9. Wes-Himalaja | 1853 | 3 | 4 | 131 |
| 10. „Jesus Help", Melaatse Gestig, Jerusalem. | 1867 | 1 | 4 | 25 |

(Syfers in hakies onseker). [1]

(b) Sendingwerk onder die Hottentotte in Suid-Afrika.

Die Hottentotte wat binne die grense van die Kolonie gewoon het en wat die Kompanjie nie as onderhewig aan hulle bestuur wou beskou het nie, was in stamme verdeel. Hulle was 'n herdersvolk met vee as hulle enigste rykdom. Die pokke-epidemie van 1713 en sterk drank het ontstamming in die hand gewerk. Die meeste stamme wat egter onaangetas gebly het, het in die distrik van Swellendam gebly waar hulle deur hul eie hoofde volgens eie tradisies bestuur is.

Die Kompanjie het geen poging aangewend om die Hottentotte binne die Kolonie te evangeliseer nie. As gevolg van die pleitskrif van Ziegenbalg en Plütschau wat in 1706 by die Kaap aangedoen het, het sekere godvrugtige manne in Holland Herrnhut versoek om iemand af te sonder om sendingwerk onder die verwaarloosde Hottentotte te kom verrig.[2] Georg Schmidt

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika, 1950.
2. Moorrees, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 362-363.

wat hom die beroep laat welgeval het, het dan vanaf 1737 tot 1744 pionierswerk in Baviaanskloof en sy omgewing verrig. In laasgenoemde jaar het hy die land verlaat vanweë die feit dat hy deur „Missionsfeinde aufgestachelten Behörden das Taufen untersagt wurde".[1)]

Pogings i.v.m. die evangelisering van die Hottentotte is weer begin as gevolg van die godsdienstige herlewing in Europa, toe, in 1792, die Morawiese sendelinge, Hendrik Marsveld, Daniel Schwinn en Johann Kühnel die onvoltooide taak van Schmidt te Baviaanskloof, later Genadendal[2)], hervat het. Grote leergierigheid en ontvanklikheid tesame met die talryke toestroming van Hottentotte het die hervatting van sendingbedrywighede vergemaklik. Nuwe vyandigheid van die Blankes en Gereformeerde predikante het andermaal die bestaan van die sending bedreig.[3)]

Na die verowering van die Kaap deur Brittanje in 1795, is die sendelinge onder beskerming van die Britse owerheid geneem. Op versoek van graaf Caledon is dan 'n tweede sendingstasie, Groenekloof, tans Mamre, in 1808 aangelê.[4)]

Die amptelike besoek van biskop C.I. La Trobe (1815-1816) en die aanstelling van eerw. later biskop H.P. Hallbeck as superintendent (1817-1840) het in menige opsig 'n bevorderende uitwerking op die sendingbedrywighede in die algemeen gehad. Sodoende kon nuwe sendingstasies soos Enon(1818) en Elim(1824) aangelê en die melaatsegestig, Hemel-en-Aarde (1823) van die regering oorgeneem word. Laasgenoemde gestig is in 1846 na Robben-eiland oorgeplaas en uiteindelik in 1868 finaal gesluit.

Die verbetering van die skoolwese, stigting van Sondagskole, Kleinkinderskole en die oprigting van 'n Kweekskool in Genadendal (1838) i.v.m. die opleiding van Hottentot- of Kleurling[5)]-onderwysers en later ook leraars moet veral aan die on-

---

1. Missions-atlas der Brüdergemeine, 3.
2. Baviaanskloof is op aanbeveling van Goewerneur Janssens tot Genadendal vroeg in 1806 verdoop; Sien Theal: History of South Africa, 1795-1834, Deel 3, 89.
3. Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 370-373.
4. Theal: t.a.p., 142.
5. Volgens Müller het omstreeks 1832 nog weinig rasegte Hottentotte bestaan. Vanaf die helfte van die 19e eeu word hulle Kleurlinge genoem. Sien Müller: 200 Jahre Brüdermis-

vermoeide arbeid van biskop Hallbeck en sy opvolgers toegeskrywe word.

Gedurende die daaropvolgende jaar het 'n geweldige ekspansie gevolg en die volgende sendingstasies onder Kleurlinge en Naturelle is aangelê: Silo in die Oostelike Provinsie (1838), Clarkson in die Tsitsikamma (1839), Robbeneiland (1846), Mamre-aan-die-Bicha naby Fort Peddie (1847), Goedverwacht (1858) Engotini naby Silo (1859), Wittewater (1859), Baziya (1863), Berea naby Genadendal (1865), Wittekleibosch (1866) en Pella (1871).[1] Van hierdie stasies is Hemel-en-Aarde prysgegee en Silo en Gosen wat tydens die Kafferoorlog van 1851 geplunder is, asook Mamre-aan-die-Bicha, verlaat.

Ten gevolge van 'n besluit van die Algemene Sinode is die werksaamhede van die Morawiese Broederkerk in 1869 in twee dele verdeel en wel onder aparte besture t.w. dié van Suid-Afrika-Wes en dié van Suid-Afrika-Oos.

Nadat Pella in 1871 aangelê is, is daar teen die einde van die neëntiende en gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu 'n begin gemaak met die stigting van nuwe gemeentes in Kaapstad en Port Elizabeth waarheen honderde lidmate op soek na beter werk, gedryf het. Tussen 1871 en 1950 het dan die volgende gemeentes ontstaan: Moravian Hill (1886), Maitland (1903), Lansdowne (1916) en Steenberg (1936) in Kaapstad en Moravian Hope (1898) en Fairview (1936) in Port Elizabeth. Origens is op die verste uithoeke van hierdie sendingsfeer ook nuwe arbeidsvelde te Blouleliesbosch in die Humansdorpse distrik (1914) en te Moutonsvlei op die Piketbergplato (1923) aangelê wat in die jongste tyd tot selfstandige gemeentes verhef is.[2]

Volgens die Kerkalmanak van 1950 bestaan daar vandag 17 hoofgemeentes, 22 buitegemeentes en 'n hele aantal preekplekke met 'n sieletal van 20,697 wat deur 19 leraars (5 Blankes en 14 Kleurlinge) bearbei word. Van hierdie aantal siele is 6653

---


1. Silo, Engotini, Baziya en Mamre-aan-die-Bicha is Naturellestasies.
2. Schmidt; Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 8-12.

lidmate en 3071 gedoopte volwassenes. Voorts bestaan daar 33 Sondagskole met 3458 Sondagskoolkinders en 132 onderwysers(esse). Hierbenewens is daar 37 sendingskole met 'n totale skoolbevolking van 6263 leerlinge en 172 leerkragte, en 'n hoërskool te Genadendal met 151 sekondêre leerlinge en 7 onderwysers.

Na algehele selfstandigheid word dus verlangend uitgesien uitgesien.[1)]

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika,1950.


Suid-Afrika-Wes.
Oranjerivier
Hoavlei
Hartebeestrivier
Hartsrivier
Vaalrivier
Modderrivier
Oranje Vrystaat
Rietrivier
Brakrivier
Ongersrivier
Caledon
Oranjeri
Kaapprovinsie
Olifantsrivier
Doornrivier
Moutonsvlei
Goedverwacht
Wittewater
Piketberg
Groot Bergrivier
Mamre
Pella
Malmesbury
Robbeneiland
Maitland
Stellenbosch
Morawian Hill
Lansdowne
Riviersonderend
Genadendal
Steenberg
Caledon
Hemel-en-Aarde
Breërivier
Gamka
Gouritzrivier
Olifantsrivier
Gamtoosrivier
Krommerivier
Bloueliesbosch
Sondagsrivier
Enon
Groot Visrivier
Peddie